SACAI

AFDELING C

GRAAD 12

EKSAMENRIGLYNE

AFRIKAANS EAT

2016

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

FORMAAT, STRUKTUUR EN PUNTETOEKENNING

1.1 VOORBLAD

Die voorblad moet die volgende inligting bevat:

- Vak, Graad en vraestelnaam
- Tyd van vraestel (2 uur)
- Puntetoekenning (PUNTE: 80)
- Aantal bladsye van vraestel (Die vraestel bestaan uit .... bladsye)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

Maart/Junie .... (Maand en jaar van vraestel)

TYD: 2 UUR

PUNTE: 80

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT ___ BLADSYE

1.2 INSTRUKSIES EN INLIGTING

(ALTYD BLADSY 2)

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taalstrukture en –konvensies	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.
4. Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
5. Trek ‘n streep ná elke afdeling.
6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

1.3 AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

- **Kies TWEE tekste –** EEN prosa en EEN visueel. Die visuele teks hoef nie aan te sluit by die prosa teks nie.

- **Lengte van tekste:**

  Teks A: (Prosa) 600 – 700 woorde

  Die leesbegrip word in teks A getoets.

  Teks B: (Visuele teks) 6 punte

  Die visuele teks kan van enige genre wees, byvoorbeeld ’n spotprent, advertensie of strokiesprent.

  Die puntetoekenning by die visuele teks is 6 punte.

  Die fokus van die vrae moet op die visuele gebaseer wees.

- **ONTHOU**:

  Die vrae vir leesbegrip MOET die volgende tipe vrae insluit:

  a. Geen vergelykings hoef opgestel te word sodat die twee tekste met mekaar vergelyk word nie.
  b. Een oop vraag moet in die afdeling gevra word.
  c. Slegs 1 meervoudigekeuse vrae, waar daar vier keuses gegee word.
  d. ’n Maksimum van 1 vraag oor Waar/Onwaar; Ja/Nee; Feit/Mening.

- **OPSTEL VAN LEESBEGRIP VRAE:**

  Wanneer die vrae vir dié afdeling opgestel word moet u die volgende ingedagte hou:

  - Die verskillende kognitiewe vlakke van Barette soos aangeheg op bladsy 31 moet gebruik word. Let op die voorbeeldvrae wat by elke afdeling gegee word.
  - Verskillende tipe vrae moet op so ’n manier gestel word dat alle vier vlakke van Barrett in die volgende vier vlakke aangespreek word per persentasie.

Vlakke 1 en 2: 40% van totale afdeling

Vlak 3: 40% van totale afdeling

Vlakke 4 en 5: 20% van totale afdeling

- Die vrae moet vanaf laerorde, gevolg deur mediumorde tot hoë orde gevra word.
- Vir Afdeling A is die verspreiding per vlak soos volg:
  - Vlakke 1 en 2: 12 punte/40%
  - Vlak 3: 12 punte/40%
  - Vlakke 4 en 5: 6 punte/20%

- **PUNTE WAARAAN AANDAG GEGEE MOET WORD:**

  ○ Die tekste moet by die graad pas.

  ○ Die tekste mag aangepas word, indien nodig. Die tekste wat aangepas word moet net koherent wees.

  ○ Gebruik Standaard Afrikaans. Uitdrukkings/Taal moet gepas wees binne konteks.

  ○ Nommer elke reël van ‘n paragraaf, begin by reël 1 – reël ... waar die teks ophou.

  ○ Alle geskrewe tekste moet oorgetik word vir duidelikheid en netheids-doeleindes.

  ○ Sover moontlik moet die vrae die volgorde van teks volg.

  ○ Onthou laerorde vrae moet voor middel− en hoërorde vrae gevra word.

  ○ Wanneer nodig moet daar duidelik aangedui word dat die kandidaat moet motiveer by antwoorde.

  ○ Die karakters van die visuele teks MOET duidelik sigbaar wees.

  ○ Indien ’n strokie gebruik word, moet elke prent/raam duidelik genommer word.

  ○ By die meervoudigekeusevrae moet die kandidate vier opsies kry om van te kies. Die opsies moet in woorde ewe lank wees en ook sinvol wees. Die korrekte of verkeerde antwoord moet nie “weggegee” word nie.

  ○ Gee erkenning aan die bron van die teks.

- **NASIEN VAN LEESBEGRIP**

  - Die fokus van leesbegrip is oor verstaan, daarom moet woorde of antwoorde waaraan verkeerde spelling voorkom nie verkeerd gemerk word nie, tensy dit die betekenis van die antwoord beïnvloed.

- Indien ’n andertalige woord in ’n antwoord gegee word, word die antwoord verkeerd gemerk. Indien die antwoord juis vra vir ’n andertalige woord moet dit korrek nagesien word.

- LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE: Die vrae wat ’n JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE vereis, word die punt slegs toegeken vir die motivering gegee maar moet ooreenstem met die antwoord wat gegee is. Indien die kandidaat nie die eerste gedeelte van die vraag beantwoord nie, maar wel ‘n motivering gee word die antwoord ook verkeerd gemerk aangesien die vraag uit twee dele bestaan.

- LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE: Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie, die motivering bepaal die punt.

- Indien die vraag slegs ’n woord as antwoord verwag en die kandidaat skryf ’n volsin, word dit verkeerd nagesien, behalwe as die kandidaat die betrokke woord duidelik onderstreep of glim.

- Wanneer twee/drie antwoorde gevra word en die kandidaat gee meer as die betrokke antwoorde word slegs die eerste twee/drie nagesien al is dit verkeerd.

- By meervoudigekeusevrae mag die kandidaat of die letter of die woord as antwoord bied.

- Aanvaar dialekvariasies.

AFDELING B: OPSOMMING – 10 punte

VRAAG 2

- Kandidate **moet** die opsomming **puntsgewys** beantwoord.
- Kandidate mag nie aanhaal uit die teks nie.
- Lengte van die teks: Ongeveer 250 woorde
- Lengte van opsomming: 70 woorde
- **ONTHOU:**

  Die teks vir die opsomming MAG NIE dieselfde wees as die teks vir die leesbegrip nie.

UITSOEK VAN TEKS EN VRAAGSTELLING VIR OPSOMMING:

- Die tipe teks wat vir die opsomming gekies word, moet die kandidaat die keuse gee om te kan demonstreer of hy/sy die hoofargumente/feite kan identifiseer uit die teks.
- Die instruksies moet duidelik gestel word, sodat die kandidate kan weet wat van hulle verwag word.
- Die kandidate mag nie woord vir woord aanhaal uit die teks nie, hulle sal gepenaliseer word.
- Dit is nie nodig vir die kandidate om ’n titel of opskrif vir die opsomming te voorsien nie.
- Die kandidaat moet duidelik die aantal woorde wat hy/sy geskryf het aandui.

OPSTEL VAN DIE MEMORANDUM

Die memorandum moet in beide paragraafvorm en puntsgewys gedoen word.

Die opsomming in paragraafvorm en puntsgewys moet soos vir die kandidate aangedui ook binne die aantal woorde wees wat verwag word.

NASIEN VAN OPSOMMING

Die punteverspreiding word soos volg gedoen:

- Puntetoekenning
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punt: 10
- Die verspreiding van punte indien die kandidaat nie net aangehaal het nie:
  - 1 – 3 punte korrek: 1 punt
  - 4 – 5 punte korrek: 2 punte
  - 6 – 7 punte korrek: 3 punte
- Voorbeeld van puntetoekenning:

  Feite: 5

  Taal: 2

  7/10
- Punteverspreiding indien kandidate aangehaal het.
  - 6 – 7 aanhalings: geen punte
  - 1 – 5 aanhalings: 1 taalpunt
- **NEEM KENNIS:**
  - Nasieners moet die aantal woorde tel om dit te verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nie die aantal woorde aangedui het nie, of dit is verkeerd aangedui nie.
  - Indien die aantal woorde oorskry word, sien die nasiener net na tot by 90 woorde en die res word ’n streep deurgetrek.

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES 40 punte

DRIE vrae word in die afdeling gebruik.

Die volgende moet getoets word:

- Woordeskat en taalgebruik
- Sinstrukture
- Kritiese taalbewustheid

VRAAG 3: 10 punte

'n ADVERTENSIE ('n kombinasie van visueel en geskrewe woorde)

VRAAG 4: 10 punte

STROKIESPRENT (enkel of dubbelraampies)

Onthou die raampies by die strokiesprente MOET genommer wees.

VRAAG 5:

5.1 PROSATEKS: 14 punte

(lengte van teks moet 150 − 200 woorde wees)

5.2 STROKIESPRENT/PRENT MET 'N KORT TEKS: 6 punte

LET WEL:

- Daar moet 2 oopvrae gevra word: (1 in die advertensie en een in strokiesprent)
- 'n Maksimum van 3 meervoudigekeuse vrae. (1 per vraag)
- Die vrae moet in teksverband volg.
- Waar moontlik moet eers laerorde, dan middelorde en dan hoërorde vrae gevra word.

- Die karakters in die visuele teks (asook visuele beelde in advertensie) moet duidelik identifiseerbaar wees.
- Die prente/rame of panele in die strokiesprent moet duidelik genommer wees.
- Die taalkomponente moet ingesluit word, dit beteken al die taalkomponente wat verwag word van ’n gr. 12-kandidaat.
- Daar moet vier keuses aan die kandidate by die meervoudigekeuse vrae voorsien word.

NASIEN VAN AFDELING C

- Spelling:
  - Eenwoord antwoorde moet as korrek nagesien word, al is die spelling verkeerd.
  - By antwoorde waar daar ’n volsin gevra word, moet verkeerde spelling as verkeerd nagesien word, indien die fout wat die kandidaat moet korrigeer in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Indien ’n afkorting getoets word, moet die spelling korrek wees.
- Sinstrukture moet grammitikaal korrek wees en in volsinne aangebied word soos deur instruksies gevra.
- By meervoudigekeuse antwoorde kan beide die letter of die woord gegee word.

VRAESTEL 2: LETTERKUNDE

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE/NOVEMBER ....

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

PUNTE: 70

TYD: 2 UUR

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT ___ BLADSYE

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe en merk die vraagnommers van die letterkunde-tekste wat jy behandel het. Bestudeer daarna die vrae oor hierdie tekste en besluit dan telkens op die tipe vraag wat jý verkies om te beantwoord. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	ROMAN	(35)
AFDELING B:	DRAMA	(35)
AFDELING C:	KORTVERHALE	(35) (17 + 18)

[Doen ALTWEE kortverhale indien jy hierdie afdeling behandel het.]

AFDELING D:	GEDIGTE	(35) (17 + 18)

[Doen ALTWEE kortverhale indien jy hierdie afdeling behandel het.]

4. Beantwoord TWEE vrae in totaal: EEN vraag uit enige van die afdelings. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

5. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

8. Voorgestelde tydsindeling: Spandeer ongeveer 60 minute aan elke afdeling wat jy beantwoord.

9. Skryf netjies en leesbaar in BLOU INK.

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

AFDELING A: ROMAN Beantwoord die vrae van die roman indien dit behandel is.		
VRAAGNOMMER	VRAAG	BLADSY
1.	Kontekstuele vraag	
OF		
AFDELING B: DRAMA Beantwoord die vrae van die drama indien dit behandel is.		
2.	Kontekstuele vraag	
OF		
AFDELING C: KORTVERHALE Beantwoord ALTWEE die vrae..		
3.	Kontekstuele vraag	
EN		
4.	Kontekstuele vraag	
OF		
AFDELING D: GEDIGTE Beantwoord ALTWEE die vrae.		
5.	Kontekstuele vraag	
EN		
6.	Kontekstuele vraag	

KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK √
A: Roman (Konteksvraag)	1	1	
OF			
B: Drama (Konteksvraag)	2	1	
OF			
C: Kortverhale (Konteksvraag)	3 – 4	2	
OF			
D: Gedigte (Konteksvraag)	5 − 6	2	

LET WEL: Maak seker dat jy slegs TWEE afdelings se vrae beantwoord het.

FORMAAT VAN DIE UITEENSETTING VAN VRAESTEL

- Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	ROMAN	(35)
AFDELING B:	DRAMA	(35)
AFDELING C:	KORTVERHALE	(35)
AFDELING D:	GEDIGTE	(35)

Daar sal van die kandidate verwag word om ’n totaal van **TWEE** vrae van **ENIGE TWEE** afdelings te beantwoord. (**EEN** vraag oor een genre) vir 70 punte soos uiteengesit hieronder.

AFDELING A: ROMAN: 35 punte

VRAAG 1

Kontekstuele vrae moet gevra word.

LENGTE VAN DIE UITTREKSEL

2 twee uittreksels

Lengte: 200 – 225 woorde.

AFDELING B: DRAMA: 35 punte

VRAAG 2

Kontekstuele vrae moet gevra word.

LENGTE VAN DIE UITTREKSEL

2 twee uittreksels

Lengte: 200 – 225 woorde.

Die name van die sprekers moet nie as deel van die totale woorde getel word nie.

Slegs die neweteks word as deel van die uittreksel getel.

LENGTE VAN DIE UITTREKSEL

1, uittreksel uit elke verhaal

Lengte: 200 – 225 woorde.

AFDELING C: KORTVERHALE: 35 punte (17 + 18/18 + 17)

VRAAG 3 − 4

Twee kortverhale word gevra.

Kandidate moet albei die vrae beantwoord.

LENGTE VAN DIE UITTREKSEL

1 uittreksel uit elke verhaal

Lengte: 200 – 225 woorde.

AFDELING D: GEDIGTE: 35 punte (17 + 18/18 + 17)

VRAAG 5 − 6

Twee gesiene gedigte word gegee.

Kandidate moet albei die vrae beantwoord.

INSTRUKSIES BY ELKE AFDELING:

- Die instruksies aan die begin van elke afdeling moet die kandidate inlig watter vrae hulle moet beantwoord.
- Die aantal punte per afdeling sal dien as ‘n riglyn vir die lengte van die antwoorde.
- Indien oopvrae gevra word,of Waar of ONWAAR, moet daar duidelike instruksies aan die kandidate gegee word dat die antwoorde gemotiveer moet word. Dit is slegs die motivering wat punte tel nie die JA/NEE, FEIT/MENING, WAAR/ONWAAR nie. Dit moet wel deel wees van die antwoord en eerste in die antwoord genoem word anders verbeur die kandidate die punte.
- Meervoudigekeusevrae moet in die positief gestel word.

UITEENSETTING VAN DIE KOGNITIEWE VLAKKE WAT VERWAG WORD:

ROMAN:

KONTEKSTUELE VRAE:

Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 5
14/40%		14/40%	2/20%	

DRAMA:

KONTEKSTUELE VRAE:

Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 5
14/40%		14/40%	2/20%	

KORTVERHALE:

KONTEKSTUELE VRAE:

Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 5
14/40%		14/40%	2/20%	

GEDIGTE:

KONTEKSTUELE VRAE:

Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 5
14/40%		14/40%	2/20%	

NASIENRIGLYNE:

- **.** Indien die kandidaat meer as die gevraagde aantal vrae beantwoord het, word slegs die eerste antwoord nagesien.
- Indien die kandidaat twee stelle antwoorde gee en die eerste stel is verkeerd, word die tweede stel geïgnoreer.
- Indien die antwoorde verkeerd genommer is, word daar volgens die nommering van die memorandum nagesien. Nasieners mag nie die nommering vir die kandidaat korrigeer nie.
- Indien die spelling van die woord die betekenis beïnvloed word die antwoord verkeerd nagesien, indien dit nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie mag die antwoord korrek nagesien word.

  Indien die kandidaat gevra word om aan te haal en dit word nie gedoen nie, moenie die kandidaat penaliseer nie.
- Indien oopvrae gevra word,of Waar of ONWAAR, moet daar duidelike instruksies aan die kandidate gegee word dat die antwoorde gemotiveer moet word. Dit is slegs die motivering wat punte tel nie die JA/NEE, FEIT/MENING, WAAR/ONWAAR nie. Dit moet wel deel wees van die antwoord en eerste in die antwoord genoem word anders verbeur die kandidate die punte.

VRAESTEL 3: SKRYF

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE/NOVEMBER ....

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
V3
SKRYF

PUNTE: 100

TYD: 2½ UUR

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT ... BLADSYE

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

   Afdeling A: Opstel (50)

   Afdeling B: Langer transaksionele tekste (30)

   Afdeling C: Korter transaksionele tekste (20)

2. Beantwoord EEN vraag elke afdeling.
3. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
4. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ’n kopkaart of vloeidiagram. Doen jou beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ’n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
6. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.
7. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.
8. Skryf duidelik die woorde FINALE SKRYFSTUK boaan die skryfstuk wat geassesseer moet word.
9. Die volgende tydsbesteding aan elke afdeling word aanbeveel:

   Afdeling A: ongeveer 80 minute

   Afdeling B: ongeveer 40 minute

   Afdeling C: ongeveer 30 minute

10. Gebruik slegs ’n **BLOU** pen.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1 – 8

- Kandidate moet slegs EEN opstel skryf vir 250 – 300 woorde.
- Moenie aan die kandidaat voorskryf watter tipe genre hy/sy moet skryf nie.
- Assesseer 8 onderwerpe, dus vraag 1 – 7 behels onderwerpe van die eksaminator se keuse en vraag 8 is die visuele prikkels wat gegee word, dus 8.1, 8.2 en 8.3. Die visuele prikkels mag glad nie konteks bevat nie en moet baie duidelik kan afrol.

LET WEL: ’n Kort memorandum wat die uiteensetting van elke genre gee moet die memorandumrubrieke vergesel.

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KREATIEWE SKRYFWERK (OPSTEL) EAT : 50 PUNTE

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD & BEPLANNING • Respons op teks. • Idees in teks. • Organisering van idees en beplanning. • Bewustheid van doel, gehoor en konteks van teks. **(30)**	Hoë vlak	**28 – 30** 1. **Respons**: Uitstaande en treffend. Bo verwagting. 2. **Idees**: Intelligent. Stem leser tot nadenke. Volwasse. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot is uitsonderlik en samehangend.	**22 – 24** 1. **Respons**: Baie goed. Getuig van vaardigheid. 2. **Idees**: Heeltemal relevant en interessant en lewer bewys van volwassenheid. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot is baie goed en samehangend.	**16 – 18** 1. **Respons**: Bevredigend. 2. **Idees**: Oortuigend en redelik samehangend. 3. **Organisasie**: Redelik en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting / slot.	**10 – 12** 1. **Respons**: Wisselvallige samehang. 2. **Idees**: Onduidelik en nie oorspronklik nie. 3. **Organisasie**: Min bewys van organisasie en samehang.	**4 – 6** 1. **Respons**: Heeltemal irrelevant. 2. **Idees**: Deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie. Vaag en herhalend. 3. **Organisasie**: Geen organisasie nie en is onsamehangend.
	Lae vlak	**26 – 27** 1. **Respons**: Uitmuntend, maar uitstaande en treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek. 2. **Idees**: Volwasse en intelligent. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot is knap en samehangend.	**19 – 21** 1. **Respons**: Goed en getuig van vaardigheid. 2. **Idees**: Toepaslik en interessant. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot is goed en samehangend.	**13 – 15** 1. **Respons**: Bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid. 2. **Idees**: Redelik samehangend en oortuigend. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot en samehang: 'n mate van organisasie.	**7 – 9** 1. **Respons**: Grootliks ontoepaslik. 2. **Idees**: Begin losstaan en kan verwarrend wees. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot en samehang: skaars 'n bewys van organisasie.	**0 – 3** 1. **Respons**: Geen poging is aangewend om in ooreenstemming met die onderwerp te wees nie. 2. **Idees**: Heeltemal ontoepaslik en irrelevant. . 3. **Organisasie**: Nie gefokus nie en deurmekaar.
TAAL, STYL & REDIGERING • Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel / effek en konteks. • Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika en spelling **(15)**	Hoë vlak	**14 – 15** 1. **Toon, register, styl en w**oordeskat: Hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. **Taalgebruik**: Getuig van vertroue en is indrukwekkend. 3. **Toon en woordkeuse**: Retories treffend en effektief. 4. **Grammatika en spelling**: Feitlik foutvry. 5. **Samestelling**: Knap gedaan.	**11 – 12** 1. **Toon, register, styl en w**oordeskat: Baie gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. **Taalgebruik**: Effektief. 3. **Toon en woordkeuse**: Deurlopend. gepas. 4. **Grammatika en spelling**: Grootliks foutvry. 5. **Samestelling**: Baie goed gedoen.	**8 – 9** 1. **Toon, register, styl en w**oordeskat: Gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. **Taalgebruik**: Gepas en dra betekenis oor. 3. **Toon en woordkeuse**: Gepas en retoriese middele word gebruik om betekenis te versterk. 4. **Grammatika en spelling**: Foute. 5. **Samestelling**: Redelik tot goed.	**5 – 6** 1. **Toon, register, styl en w**oordeskat: Nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie. **Woordeskat** is beperk. 2. **Taalgebruik**: Baie basies. 3. **Toon en woordkeuse**: Skaars toepaslik. 4. **Grammatika en spelling**: Baie foute. 5. **Samestelling**: Swak.	**0 – 3** 1. **Toon, register, styl en w**oordeskat: Minder gepas vir doel, gehoor en konteks. **Woordeskat** is so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak. 2. **Taalgebruik**: Onverstaanbaar. 3. **Toon en woordkeuse**: Totaal onvanpas 4. **Grammatika en spelling**: Wemel van foute. 5. **Samestelling**: Geen samestelling nie. Uiters swak.
	Lae vlak	**13** 1. **Toon, register, styl en woordeskat**: Uitstekend en retories effektief. 2. **Taalgebruik**: Uitstekend. 3. **Toon en woordkeuse**: Retories effektief. 4. **Grammatika en spelling**: Feitlik foutvry. 5. **Samestelling**: Baie goed tot knap gedaan.	**10** 1. **Toon, register, styl en woordeskat**: Baie gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. **Taalgebruik**: Oor die algemeen effektief en van toepassing. 3. **Toon en woordkeuse**: Gepas en effektief. 4. **Grammatika en spelling**: Enkele foute. 5. **Samestelling**: Goed gedoen.	**7** 1. **Toon, register, styl en woordeskat**: Woordeskat is gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. **Taalgebruik**: Voldoende, maar teenstrydighede word opgemerk. 3. **Toon en woordkeuse**: Oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele. 4. **Grammatika en spelling**: Foute. 5. **Samestelling**: Redelik tot goed.	**4** 1. **Toon, register, styl en woordeskat**: Nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie. Woordeskat baie beperk. 2. **Taalgebruik**: Onvoldoende. 3. **Toon en woordkeuse**: Ontoepaslik. 4. **Grammatika en spelling**: Foute. 5. **Samestelling**: Swak.	
STRUKTUUR • Kenmerke van teks. • Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie. **(5)**		**5** 1. **Ontwikkeling van onderwerp en detail**: Uitstekend en uitsonderlik. 2. **Sinne en paragrawe**: Uitsonderlik gekonstrueer.	**4** 1. **Ontwikkeling van onderwerp en detail**: Logies. 2. **Sinne en paragrawe**: Logies en toon variasie.	**3** 1. **Ontwikkeling van onderwerp en detail**: Relevant. 2. **Sinne en paragrawe**: Goed gekonstrueer. Opstel maak nog sin.	**2** 1. **Ontwikkeling van onderwerp**: Sommige punte geldig. 2. **Sinne en paragrawe**: Foutief. Opstel maak nog effens sin.	**0 –1** 1. **Ontwikkeling van onderwerp**: Nodige punte ontbreek. 2. **Sinne en paragrawe**: Foutief. Opstel maak nie sin nie.

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 9 – 12

- Kandidate moet EEN vraag uit die afdeling beantwoord.
- Lengte van tekste: 120 – 150 woorde elk (slegs die inhoud word getel)
- Die tipe tekste wat die kandidate moet kan doen, word vervat in SACAI se riglyne.
- VIER vrae moet in die kategorie gevra word.
- Die tipe onderwerp wat gevra word, moet as opskrif aangedui word, bv.

  9. DIALOOG

LET WEL: ’n Kort memorandum wat die uiteensetting van elke genre gee moet die memorandumrubrieke vergesel.

LANG TRANSAKSIONELE TEKS (**AFDELING B**) – AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL **[30]**

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT Respons en idees. • Organisering van idees vir beplanning, doel en gehoor. • Kenmerke / konvensies en konteks. **(18)**	**15 – 18** 1. **Respons**: Uitsonderlik. Bo verwagting. Grondige kennis van kenmerke van teks. Skryfstuk behou fokus. 2. **Idees**: Intelligent. Volwasse en behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. Samehang in inhoud en idees. 3. **Formaat**: Gepas en akkuraat.	**11 – 14** 1. **Respons**: Baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. Behou fokus. Daar is geen afwyking nie. 2. **Idees**: Baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. Samehang in inhoud en idees. 3. **Formaat**: Gepas met onbeduidende foute.	**8 – 10** 1. **Respons**: Voldoende. Toon kennis van kenmerke van die soort teks. Nie heeltemal gefokus nie. Enkele afwykings. 2. **Idees**: Redelike samehang in inhoud en idees. Sommige detail ondersteun die onderwerp. 3. **Formaat**: Gepas, maar met enkele foute.	**5 – 7** 1. **Respons**: Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks. Aanduiding van fokus, maar met afwykings. 2. **Idees**: Inhoud en idees nie altyd samehangend nie. Min detail ondersteun die onderwerp. 3. **Formaat**: Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas. Kritiese foute begaan.	**0 – 4** 1. **Respons**: Toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie. Betekenis is onduidelik met groot afwyking. 2. **Idees**: Geen samehang in idees en inhoud nie. Baie min detail ondersteun die onderwerp. 3. **Formaat**: Nodige reëls van formaat nie toegepas nie.
TAAL, STYL & REDIGERING • Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel / effek en konteks. • Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika en spelling **(12)**	**10 – 12** 1. **Toon, register, styl en woordeskat**: Hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks. 2. **Grammatika**: Akkuraat en goed gekonstrueer. 3. **Foute**: Feitlik foutloos.	**8 – 9** 6. **Toon, register, styl en woordeskat**: Baie geskik vir doel, gehoor en konteks. Baie goeie woordeskat. 7. **Grammatika**: Oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. 8. **Foute**: Oorwegend foutloos.	**6 – 7** 6. **Toon, register, styl en woordeskat**: Geskik vir doel, gehoor en konteks. Woordeskat voldoende. 7. **Grammatika**: Enkele grammatika foute. 8. **Foute**: Belemmer nie betekenis nie.	**4 – 5** 6. **Toon, register, styl en woordeskat**: Minder geskik vir doel, gehoor en konteks. 7. **Grammatika**: Onakkuraat met etlike foute. 8. **Foute**: Belemmer betekenis.	**0 – 3** 6. **Toon, register, styl en woordeskat**: Stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie. Woordeskat nie geskik vir doel nie. 7. **Grammatika**: Besaai met foute en verward. 8. **Foute**: Betekenis word ernstig belemmer.

AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 13 − 15

- Kandidate moet EEN vraag uit die afdeling beantwoord.
- Lengte van tekste: 80 – 100 woorde elk (slegs die inhoud word getel)
- Die tipe tekste wat die kandidate moet kan doen, word vervat in SACAI se riglyne.
- DRIE vrae moet in die afdeling gevra word.
- Die tipe onderwerp wat gevra word, moet as opskrif aangedui word, bv.

  Kandidate se respons moet net geskrewe wees, geen prente word as woorde getel nie.

LET WEL: ’n Kort memorandum wat die uiteensetting van elke genre gee moet die memorandumrubrieke vergesel.

ASSESSERINGSRUBRIEK: KORT TRANSAKSIONELE TEKS (**AFDELING C**) – AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL **[20]**

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT • Respons en idees. • Organisering van idees. • Kenmerke / konvensies en konteks. **(12)**	**10 – 12** 1. **Respons**: Uitsonderlik. Bo verwagting. Grondige kennis van kenmerke van die soort teks. Skryfwerk behou fokus. 2. **Idees**: Intelligent, volwasse en behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. Samehang in inhoud en idees. 3. **Formaat**: Gepas en akkuraat.	**8 – 9** 1. **Respons**: Baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. Behou fokus. Daar is geen afwyking nie. 2. **Idees**: Baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. Samehang in inhoud en idees. 3. **Formaat**: Gepas, met onbeduidende foute.	**6 – 7** 1. **Respons**: Voldoende. Toon kennis van kenmerke van die soort teks. Nie heeltemal gefokus nie. Enkele afwykings. 2. **Idees**: Redelike samehang in inhoud en idees. Sommige detail ondersteun die onderwerp. 3. **Formaat**: Oorwegend gepas, maar met enkele foute.	**4 – 5** 1. **Respons**: Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks. Aanduiding van fokus, maar met afwykings. 2. **Idees**: Inhoud en idees nie altyd samehangend nie. Min detail ondersteun die onderwerp. 3. **Formaat**: Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas. Kritiese foute begaan.	**0 – 3** 1. **Respons**: Toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie. Betekenis is onduidelik met groot afwyking. 2. **Idees**: Geen samehang in idees en inhoud nie. Baie min detail ondersteun die onderwerp. 3. **Formaat**: Nodige reëls van formaat nie toegepas nie.
TAAL, STYL & REDIGERING • Toon, register, styl en woordeskat geskik vir doel en konteks. • Woordkeuse. • Punktuasie en spelling **(8)**	**7 – 8** 1.**Toon, register, styl en woordeskat**: Hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks. 2.**Grammatika**: Akkuraat en goed gekonstrueer. 3.**Foute**: Feitlik foutloos.	**5 – 6** 1.**Toon, register, styl en woordeskat**: Baie geskik vir doel, gehoor en konteks. 2.**Grammatika**: Oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. Baie goeie woordeskat. 3.**Foute**: Oorwegend foutloos.	**4** 1.**Toon, register, styl en woordeskat**: Geskik vir doel, gehoor en konteks. 2.**Grammatika**: Enkele grammatikafoute. Voldoende woordeskat. 3.**Foute**: Belemmer nie betekenis nie.	**3** 1 **Toon, register, styl en woordeskat**: Minder geskik vir doel, gehoor en konteks. 2 **Grammatika**: Enkele grammatikafoute. Voldoende woordeskat. 3 **Foute**: Belemmer nie betekenis nie	**0 – 2** 1**Toon, register,styl en woorde- skat**: Stem nie ooreen met doel,gehoor en konteks nie. Woordeskat nie geskik vir doel nie. Besaai met foute en verwarrend. 2.**Grammatika**: Enkele grammatikafoute. Voldoende woordeskat. 3.**Foute**: Betekenis word ernstig belemmer.